Volkstem. Okt. 8-1929.

# WAAR DIE SOETDORING BLOEI, IS SUID-AFRIKA!

## WORD SUID-RHODESIË NADERHAND NOG AFRIKAANS?

### Wenslikheid van nouer aansluiting.

## MNR. G. MOERDYK GEE SY INDRUKKE TREFFEND WEER.



Mnr. G. Moerdyk.

Argitek Gerard Moerdyk, wat onlangs in Rhodesië was waar hy twee Hollandse kerke bou, het ons een en ander meegedeel van sy indrukke, wat daarop neerkom dat Suid-Rhodesië mettertyd Afrikaans sal word. Een-derde van die bevolking, meen hy, is nou al Afrikaanssprekend en daarby die mees blywende bestanddeel van die bewoners, terwyl die sy natuurlike aanwas baie groter is as dié van die Engelse deel.

Die mislukking van die Tolkonferensie, sê hy, word baie betreur. Die Unie, soos hy nou bestaan, kan geen groot bevolking dra nie en mens kan op die wereldmark alleen invloed uitoefen as hy groot hoeveelhede produkte aanvoer. Ook daarom sou dit tot wederkerige voordeel strek as die Unie en Rhodesië bymekaar staan pleks van met mekaar te konkureer.

---

Die reis, sê mnr. Moerdyk, het op hom 'n uiters gunstige indruk gemaak. Deur Betsjoeanaland en tot Boelawajo is die wêreld bosagtig, min of meer soos ons Zoutpansbergse bosveld, maar baie droog. Van Boelawajo na Gwelo, Salisbury en Enkeldoorn is die wêreld so mooi en vrugbaar soos mnr. M. nog gesien het. Slegs twee streke in die Unie kan daarby vergelyk word—die Kaap en die Oostelike Vrystaat. Die reënval is gemiddeld om en by 50 duim en vanweë die hoë ligging is dit daar gesond. Koors is byna ongekend en mense wat daar 30 jaar woon het ons segsman verseker dat hul nooit aangetas is nie.

Dit het mnr. Moerdyk dadelik getref dat die Engelsman dit regkry om sy stempel op die land af te druk en wel met kleinighede waaroor die Afrikaner nie dink nie. Die Victoria-waterval is ontdek deur Carel Trichardt, 15 jaar voor Livingstone, maar omdat die ontdekker nie moeite gedoen het om sy werk wêreldkundig te maak nie, skryf byna alger die ontdekking nou toe aan Livingstone en die glorie van die Britse Ryk.

Toe Rhodes sy unieke graf laat maak in die Matoppos skep hy die indruk dat die Britte eerste daar was, hoewel dit voor hul aankoms die jagveld van die Boere was, wat daar ook onderhandelings gevoer het met Lobengoela. Die begraafplek is die indrukwekkendste wat mnr. M. nog gesien het. Nêrens bestaan presies soiets nie. Van die granietkoppie sien mens die landskap wat herinner aan een van Gustav Doré se illustrasies van Dante se Hel. Dis 'n kunswerk om daar die eenvoudige grafserk te maak sonder enige wanklank teweeg te bring in die Natuur. Die Sjangani-gedenkteken, wat ongeveer honderd tree daarvandaan staan, is daarby heeltemal misplaas.

Die dorp Salisbury het baie ooreenkoms met Pretoria. Dit het mooie breë strate, byna tweemaal so breed as Pretoria s'n, ook aan weerskante beplant met jakarandas. Inheemse bome is ook aangeplant. Die atmosfeer van die staatsamptenaar maak die vergelyking met Pretoria nog meer treffend. Die lewe daar kom heeltemal ooreen met dié van Pretoria vyftien jaar gelede. Selfs heelparty amptenare wat destyds hier was het nou daar 'n betrekking.

Die lewe van die Afrikaners—mnr. M. is verseker dat hulle 'n derde van die blanke bevolking uitmaak—is ook baie éners, met dié verskil miskien, dat die nasionaliteitsgevoel daar sterker is. Die mense stel 'n lewendige belang in wat by ons op nasionale gebied gebeur. Die derde van die bevolking wat Afrikaners is, is die mees blywende deel van Suid-Rhodesië se bewoners, omdat dit byna alger onafhanklike boere is, terwyl die Engelse element grotendeels bestaan uit amptenare en handelsmense. Die natuurlike aanwas van die Afrikaanse bevolking is baie groter as dié van die Engelse.

Mnr. M. meen dat die Afrikaner eerlang in die meerderheid sal wees in Suid-Rhodesië. Die merendeel is mense wat sonder groot vermoë daarheen getrek het, maar afwesigheid van droogte en hael (wat daar byna onbekend is) het daartoe bygedra dat die mense selfstandig word en vorentoe gaan, baie vinniger as in groot gedeeltes van die Unie.

Die mense is tamelik tevrede met die Regering wat nogal simpatiek is—in die skole word Afrikaans geleer van standaard vier af — maar verlang na 'n regering soos die Unie s'n, wat veel meer doen om die landbouer te help. Mnr. M. het dikwels gehoor: "As ons maar 'n Onderstepoort gehad het." Sulke inrigtings bevorder ongetwyfeld die prestige van die Unie.

Die toekoms van Rhodesië is veelbelowend. Die land staan aan die vooraand van ongekende ontwikkeling. Die voorgestelde spoorlyn van Francistown na Gobabis in Suidwes sal die beestemoeilikheid grotendeels oplos. Die Unie se verbod op invoer van minderwaardige beeste uit Rhodesië het baie gedoen om Rhodesië se veestapel te verbeter. As die spoorwegaansluiting met Walvisbaai voltooi is, voorsien mnr. M. nog dat die Unie beeste na Rhodesië stuur.

Die ontwikkeling van die kopermyne in Noord-Rhodesië, wat 'NDola tot 'n twede Johannesburg sal maak, is voor ons fabrieke nie van belang ontbloot nie.

In die algemeen is die mense in Rhodesië diep teleurgestel oor die mislukking van die Doeane-konferensie met die Unie. Mnr. M. het niemand hoor blameer nie, omdat die mense daar ook taamlik in die duister is. Die Unie, soos hy nou is, kan nie 'n groot bevolking dra nie en mens kan op die wêreldmark alleen invloed hê as hy groot hoeveelhede produkte aanvoer. Dit sou dus seker tot wederkerige voordeel strek as die Unie en Noord- en Suid-Rhodesië by mekaar staan inplaas dat hul met mekaar konkureer. Maar afgesien wat die Rhodesiese of Unieregering doen, kom dit mnr. M. voor of die bevolking van Suid-Rhodesië mettertyd Afrikaans sal word. Die Afrikaner is daar vaster in die bodem gewortel as ander mense en 'n groot Afrikanerbevolking sal natuurlik nouer aansluiting soek met sy volksgenote in die Unie. Die omstandigheid dat die Afrikaner daar nou al twee taamlik groot kerke bou, is 'n voorteken. Te Salisbury sal 'n kerk van rond £10,000, met 750 sitplekke, opgetrek word en te Enkeldoorn een van ongeveer £6,000 en 600 sitplekke. 'n Gedeelte van die materiaal, wat Rhodesië nie voortbring nie, sal deur die Unie gelewer word. Die kerk te Salisbury sal b.v. gedek word met leiklip uit die Unie.

Die twee lande is op grond van sake baie éners. Ook dáár bloei die soetdoring; en waar die soetdoring bloei, is Suid-Afrika.